

Mediaverklaring

KOPskuif nodig om Covid-19 af te skud

2022/07/28

Die groot waarde van toetse soos die jaarlikse Nasionale Assessering (ANA), wat in 2014 gekanselleer is, was om probleemareas uit te lig voordat dit te laat is om spesifieke probleme aan te spreek. Wiskunde en taalvakke, wat deur die ANAs getoets is, ontwikkel fundamentele vaardighede wat leerpotensiaal oor alle ander vakke ontsluit.

“Sonder 'n nasionaal vergelykbare (gestandaardiseerde) eksamen kan 'n mens nie skole oor provinsies heen vergelyk nie. Dit is gevolglik nie moontlik om te bepaal of kurrikulum-uitsette bereik word nie. Dit is uiters belangrik vir skole om hulself aan hul eweknieë te kan meet en sodoende moontlike leemtes vroegtydig te identifiseer en aan te spreek,” sê Hendrik de Kock, assesseringsspesialis verbonde aan die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS).

Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) besef die belang van hierdie eksamens, maar ten spyte van verskeie beloftes, is daar ná sewe jaar steeds geen alternatief vir die ANAs in plek gestel nie. Die SOS het daarom reeds in November 2018 die eerste Gestandaardiseerde Eksamen (GSE) gelooft om sodoende 'n standaard daar te stel wat alle skole met 'n standaardiseringproses sal help. Daar word ook jaarliks 'n volledige verslag na afloop van die GSE vrygestel.

In 'n Mei 2022-toespraak het Angie Motshekga, minister van basiese onderwys, beweer dat die gemiddelde graad 4-leerling teen die einde van 2021 die leesvaardighede van 'n gemiddelde graad 3-leerling voor die pandemie gehad het. "Daarom was daar 'n verlies van minstens een jaar se leer- en leesvaardigheid," het sy gesê.

Hierdie stelling word gestaaf met navorsing deur die SOS, Equal Education en verskeie ander onderwyskenners en instansies soos die Universiteit van Stellenbosch. Skole kan egter nie almal oor dieselfde kam geskeer word nie. Verlies aan leer is in sommige skole baie minder en in ander veel meer. Deur 'n gestandaardiseerde eksamen kan elke skool presies bepaal waar leemtes oor genoemde kennisvelde heen lê.

De Kock sê: “'n Kopskuif gaan nodig wees om hierdie agterstand weer in te haal. Deur 'n instrument soos die GSE in te span, kan skole baie tyd bespaar, omdat die GSE reeds aan alle KABV-voorskrifte en voorskrifte soos fokusareas, kognitiewe vlakke, tydsduur en moeilikheidsgraad voldoen. Die vraestelle word deur kundige en ervare onderwysers opgestel en gemodereer en memorandum word ook verskaf. Dit maak onderwysers se hande los en rus hulle toe om meer aandag aan probleemareas te skenk.”

Altesaam 37 580 leerders het gedurende 2021 aan die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) se Gestandaardiseerde Eksamen (GSE) deelgeneem.

Vraestelle sluit in:

- Wiskunde (gr. 4 – 11)
- Wiskundige Geletterdheid (gr.10 – 11)
- Afrikaans Huistaal (gr. 4 – 11)

Alle Wiskunde-vraestelle is in Afrikaans en Engels beskikbaar.

Vir alle medianavrae:



Sarina Prinsloo

Skakelbeampte

012 612 0234

072 123 1707

sarina@skole.co.za

Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

skole.co.za



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za

